**Woensdag 9 Oktober**

| Skrifgedeelte: Esegiël 37:9-14 | Fokusgedeelte: Esegiël 37:9 |
|---|---|

**Wedergeboorte – ’n bede deur God die Gees vir ander**

Praat met die “gees” – dit is God se opdrag aan Esegiël. Hy moet met die liggame praat wat gevorm het toe die droë bene bymekaar gekom het en weer mense gevorm het.

Die “gees” wat in die liggame moet inkom, dui in hierdie visioen uiteindelik op die Heilige Gees wat weer nuwe lewe moet gee aan God se kinders. Dit is die Gees wat ingegryp het en droë bene tot lewende mense herskep het wat God kan dien. Maar God gebruik mense in sy diens om ander op te roep tot ’n lewe deur die Gees, ’n lewe met God. Hier in Esegiël 37 gebruik Hy vir Esegiël.

Ons is ook profete, deur God geroep. Volgens Sondag 12 van die Kategismus beteken die woord “Christen” juis ons is konings, profete en priesters. Daarom moet ons soos profete optree en dit waarvan ons vol is, laat uitstroom, of verkondig aan ander mense.

Ons doen dit soms deur gebed om te bid dat God die Heilige Gees iemand op die baan van die nuwe lewe moet plaas. Soms doen ons dit deur direk met iemand te praat en aan te spoor om ’n Geesvervulde lewe te leef. Soms doen ons dit bloot deur die voorbeeld wat ons stel sonder om ’n woord te sê.

Ons moet meer met mekaar praat oor die Woord. Waaroor praat ons byvoorbeeld eerste wanneer ons uit ’n erediens kom? Oor rugby, my pyne, die weer? Wees sommer daar, en oral, ’n profeet. Of wys met jou lewe jy glo in God wat die onmoontlike kan doen, en wat oorvloedig gee. Jy is dit verskuldig aan jou medemens om sy/haar profeet te wees. Jy loop mos self oor van die rykdom van God se liefde, en die volheid van sy Gees wat in jou uitgegiet is, nie waar nie?

*Sing: Skrifberyming 2-2:3*

*Ds. HJ Briel (Hennie) (Petrusburg/Boshof)*